## BOEKBESPREKINGS

**Het Rassenvraagstuk. Herderlijk Schrijven van die Generale Synode van de Nederlandse Hervormde Kerk,** Boekencentrum N.V., Den Haag 1963. 27 blz. Prys ongeveer 15c.

Hierdie **Herderlijk Schrijven** wat in November 1962 deur die Generale Synode van die Nederlandse Hervormde Kerk aanvaar is, het ten doel om die gemeentes van dié Kerk te lei sodat hulle 'n oordeel sal kan vorm oor die rassevraagstuk soos dit in vele dele van die wêreld voorkom. Die bedoeling is skynbaar nié om die situasie in die eie land ten opsigte van die Ambonese en ander anderskleuriges onder die vergrootglas te neem nie. Die Generale Synode het in hierdie aangeleentheid gekies vir onvoorwaardelike rassegelykheid met die suggestie dat uit die nie-blanke rasse die heil van die mensdom sal kom. Soos te verwagte is, word elke vorm van **apartheid,** soos die begrip **in Nederland** verstaan word, summier verwerp. Dat die Synode tot hierdie gevolgtrekking kom, is te verwagte as die deeglik-verouderde en goed linkse publikasies wat as litteratuur hiervoor genoem word, nagegaan word. Dit is duidelik dat die Synode nog steeds worstel om los te kom van die rasse-teorieë van die Nasionaalsosialisme wat skynbaar in Nederland nog steeds 'n groot navolging vind, want waarom anders moet dit bestry word? Immers nêrens óf in Afrika óf in Amerika word hierdie teorieë deur verantwoordelike, christelike blankes gebruik as 'n basis van optrede ten opsigte van die rassevraagstuk nie. Dat dit wél deur verskillende Afrikaleiers in hulle optrede gebruik word, word deur die Generale Synode nie genoem nie. Maar gesien vanuit die gesigspunt en vooringenomenheid waarmee hierdie geskriffie opgestel is, kan mens dit redelikerwyse seker ook nie verwag van dié christelike Kerk nie. Dié beheptheid van die Synode maak dat 'n aantal belangrike flaters begaan word. Daarom bly dit so in die rassevraagstukbeoordeling van die Synode dat stilswygend erken word dat die blanke in die rassevraagstuk-problematiek die sondaar en die nie-blanke die eisstellende party is, wat alleen deur toegewings en paaiery tevrede gestel kan word. Dit vorm grotendeels die agtergrond van al wat gesê word. Dit is skynbaar vir die Synode 'n vanselfsprekendheid dat die blanke 'n „skuld" teenoor die nie-blanke **moet hê.** Waarom dit presies so is en waaruit die skuld sou moet bestaan, as 'n skynbaar universele skuld van die blanke, word nog uitvoerig nog deeglik behandel en aangetoon. Skynbaar aanvaar die Synode die propaganda wat veral van Kommunistiese en libertinistiese kant geloods word dat die westerse lande in hulle kolonies hardhandig, wreed en vogtig teenoor die daar wonende nie-blankes opgetree het. Dit mag waar wees van die optrede van Nederland in sy kolonies, of van die Amerikas of van Australië en Nu-Seeland maar die Synode moet ons in Suid-Afrika nie kwalik neem as ons nie deel wil hê aan hierdie algemene skuld wat sekerlik nie op die Afrikaner van toepassing

is nie. Afgesien van die feit dat die Afrikaner geen skuldgevoel teenoor die Bantoe in Suid-Afrika het of ooit hoef te hê nie, kan ek nog nie sien waarom, vanweë dié skuld gevoel, die blanke nou op 'n volledig-onverantwoordelike wyse **moet** toegee aan elke eis wat die nie-blanke nou se dae meen om aan die blanke te moet stel nie. As daar oor **skuld** gehandel word is dit jammer dat die Synode nie die vraag beredeneer of die westerse moondhede nie 'n belangriker en swaarder skuld op hulleself gelaai het deur onvoorwaardelik toe te gee aan die onafhanklikheidseise van die self-aangestelde en in Moskou-opgeleide „nasionale" leiers van die hedendaagse swart Afrika nie. Die chaos in die Kongo wat maar voortduur nieteenstaande die feit dat die V.V.O. daar 'n tydlank 'n troepemag aangehou het, die massale moorde in Burundi, die wesenlike onderdrukking — in die naam van vryheid! — van minderheidsgroepe en opposisiepartye deur die nuwe Afrikadiktators, die nuwe opvlam van hongersnood, kannibalisme en epidemiese siektes in Afrika wat alles voortvloei uit die westerse „scramble out of Africa" vorm 'n veel wesenliker skuld op rekening van die blankes in Wes-Europa as die sogenaamde „skuld" van die koloniale tydperk. Dat in die nuwe Afrika die christelike sending 'n ernstige knou toegedien is, sal vir die Synode met sy skuldbesef, skynbaar geen argument wees nie. Alleen al die redenasie oor die skuld is 'n pragtige voorbeeld van die vooringenomenheid, volledige gebrek aan objektiwiteit én gebrek aan kennis waarmee die Synode hierdie **Herderlijk Schrijven** opgestel het.

Dieselfde gebeur as die Synode praat oor die **apartheid.** Dan word dit duidelik dat die Synode niks weet of niks wil weet nie, van die beleid van eiesoortige ontwikkeling wat in ons land gegroei het en wat vroeër deur die begrip **apartheid** aangedui is. Hierdie oppervlakkigheid en gewilligheid om maar te aanvaar wat joernaliste en ander gifsaaiers van die begrip **apartheid** gemaak het, en wat daarby géén verband met die werklikheid hou nie, dui die volledig-onverantwoordelike wyse aan waarop die Synode dit goedgedink het om oor die rassevraagstuk te skrywe. Dit is wel 'n ontroerende ontdekking wat mens maak dat 'n Generale Synode van 'n **Christelike** Kerk bereid is om so oppervlakkig en so vrolik-onverantwoordelik te wees en om dan sy gevolgtrekkings as 'n **Herderlijk Schrijven** aan te dien wat tog die pretensie het dat dit die gevolg is van noukeurige studie en luister na die Woord van God. Die gevolg is dat die Synode nie veel verder kom as om 'n teologies-klinkende argument te voer wat 'n regverdiging wil wees van die sogenaamde „wêreldmening" van ons tyd. Enersyds kan mens dit wel verstaan. Holland is 'n klein landjie — in baie opsigte ! — en 'n Hollandse Kerk kan waarskynlik vanweë ekonomiese en politieke redes nie anders as om saam met die **meerderheid** te praat nie, ongeag van wie die meerderheid nou eintlik is. Dat **die waarheid** en die getuienis van die Evangelie in hierdie puur opportunistiese standpuntinname skade ly, is uit hierdie

geskrif in ieder geval, duidelik nie 'n saak waaroor die Synode hom wil of sal bekommer nie. Hier in ons land waar die Afrikaanse kerke terwille van die waarheid en die ordelike voortgang van die Evangelie van Jesus Christus teenóór die wêreldmening staan, het ons al lankal agtergekom dat die wêreldmening vandag grotendeels gevorm word deur die anti-christelike magte van ons tyd. Daarom dat ons ons nie laat beetneem deur die propaganda en verhale van mense soos Kroetsjef, Kenyatta, Nkruma, Mandela en Sisulu en Martin Luther King nie.

Die **Herderlijk Schrijven** self is in verskillende hoofstukke ingedeel. In die eerste drie hoofstukke word gehandel oor ras as 'n biologiese en psigiese verskynsel; rasbeskouing en sosiale mite en rasteenstelling op maatskaplike gebied. In die uiteensettings wat gegee word oor ras as 'n biologiese verskynsel, word 'n baie oppervlakkige en eensydige uiteensetting van die argumente in hierdie verband gegee. Daar word ook géén aandag gegee aan menings wat voorgedra word deur manne met hoogstaande wetenskaplike reputasies en wat werk gelewer het wat die argumente van die Synode baie sterk laat wankel nie. Mens dink hier alleen maar aan die werk van die twee Amerikaners prof. D. Rife en prof. W. George. So word byvoorbeeld deur die Synode op blz. 7 die algemene stelling neergelê : „Dit anders-zijn van het ene ras ten opzichte van het andere is natuurwetenschappelijk gezien geen zaak van hoger of lager, beter of slechter, meer of minder". Daarteenoor kan mens die mening van prof. J. D. J. Hofmeyr in sy **Gedifferensieerde Ontwikkeling. 'n Genetiese Standpunt,** 1961, stel : „Slegs één gevolgtrekking is moontlik, naamlik, dat daar inherente psigologiese verskille tussen die twee rasse (die blanke en neger in Amerika) is wat nie deur die verskaffing van enerse omgewing uitgewis kan word nie". Soos tereg deur Hofmeyr opgemerk word, is al die belangrike prestasies in die wêreld gelewer deur die blanke. Die Synode egter, sonder rekening te hou met die inherente andersheid van rasse, wil volledige integrasie hê en wil alle rassewrywing alleen toeskryf aan die irritasie van diskriminerende maatreëls. Wetenskaplik staan dit ook gladnie vas nie. Hofmeyr wys daarop: „'n Groot bron van rassewrywing is die verskil in prestasies van die twee rasse (die blanke en die neger in Amerika). In die suiwer Negerskool byvoorbeeld, word die psigiese druk verlig en aangesien die leerlinggemeenskap homogeen is en die onderrig aangepas is by die verstandelike peil, word konflikte tot 'n minimum beperk". Die Synode het nog nooit daaraan gedink dat andersheid en die rekening hou dáármee dalk juis die teenoorgestelde van diskriminasie kan wees nie. Maar aangesien die Synode geen werklike **studie** van die aangeleentheid gemaak het nie, moet mens miskien nie te veel verwag nie.

Die eerste paar hoofstukke van die **Herderlijk Schrijven** word saamgevat in 'n enkele sinnetjie : „ . . . . dan zien wij hoe raciale vooringe-

nomenheid tot discriminatie en discriminatie op den duur tot apartheid leidt". Afgesien daarvan dat die voorafgaande beredenering waarop hierdie stelling gebou is nogal kruppel is, is dit hier andermaal duidelik dat die Synode géén begrip het van wat apartheid is nie. Nieteenstaande die feit dat die Ned. Hervormde Kerk van Afrika al meerdere male, by wyse van 'n uitgerekte briefwisseling, die Synode aan die verstand probeer bring het **wat** die Owerheidsbeleid ten opsigte van die nie-blanke in Suid-Afrika is en beoog, is dit uit hierdie opmerking van die Synode duidelik dat hulle óf nie kan lees nie, óf nie kan verstaan wat hulle lees nie óf eenvoudig weier om te aanvaar wat apartheid **werklik** is omdat dit nie pas met hulle eie vooringenome standpunt nie. Daarby kom ook nog dat sins 1948 ongeveer al die leidinggewende Owerheidspersone in ons land uitvoerige uiteensettings gegee het oor wat die beleid van apartheid is en wil en is ook by voortduring daarop gewys dat die hierdie beleid en begrip **juis** rassediskriminasie sal uitskakel. As die Hollander-Synode in 1962 nog steeds, ter voorligting van die gemeente van Jesus Christus, so 'n stelling soos die bogenoemde maak, dan kan mens jou alleen maar afvra of die Synode al **ooit** kennis geneem het van vraag en antwoord 112 van die Heidelbergse Kategismus. Te oordele egter aan hierdie **Herdelijk Schrijven** voel die Synode hom nie gebonde om hom uitermate of enigsins aan sy eie Belydenis te steur nie. Die vrome wens van die Synode „Wij worden geroepen . . . . om anderzijds de kiemen van rasvooroordeel in eigen kring te dooden". (blz. 11) kan ek nie anders beoordeel as 'n holle klank nie want **wat** presies het die Synode al gedoen aan die lot van die anderskleurige Ambonese wat in weggesteekte kampe in Holland aangehou word? In hulle eie land het die Synode nog geen vinger vóór 1962 verroer om die diskriminasie teen die Ambonese te beëindig nie. Die Synode is 'n sprekende voorbeeld daarvan dat dit maklik is om maar net te praat.

Na die voorafgaande inleidende hoofstukkies kom die hoofstukkie : Wat zegt de Bijbel ? Interessant is dit om hier te lees dat verskeidenheid 'n vloek is wat die lewe van die mens op aarde verarm! Nou toe nou! Die nivellering van alles, die gryse middelmatigheid, die eentonige gelykheid is volgens die Synode die hoogste goed waarvan die H. Skrifte praat ! Dit is nou 'n tipiese stelling om in die gevlei te bly by die mening van meerderheid in ons huidige wêreldbestel. Dieselfde soort argumentering vind ons dan ook in die hoofstukkie : Het Vraagstuk in de Oecumene. Hier word die loftrompet gesteek oor die supra-nasionale en supra-rasiale Wêreldraad van Kerke en word gesuggereer dat hierdie Wêreldraad eintlik die aardse verskyningsvorm sou wees van die Koninkryk van God (blz. 17). Om te wil suggereer van die Wêreldraad, waar die waarheidsvraag betreffende Jesus Christus en sy Evangelie, so angsvallig vermy word en waar die knieval voor die heidendom gemaak word, soos

te Nu-Delhi, wys ook hoe dun die teologiese ys is waarop die Synode wil skaats. Die oplossing van die rassevraagstuk lê vir die Synode in die sendingwerk van die Kerk wat hom skynbaar primêr vir rasseintegrasie moet beywer. Uiteraard ontwikkel die Synode ook 'n skuldgevoel oor die meerderwaardigheidsgevoel waarvolgens die sendelinge in die vorige eeu onder die heidene gewerk het. Indien die Synode op hierdie vlak 'n skuldgevoel wil ontwikkel, wil dit my voorkom dat hulle dit op beter gronde kan doen as vanweë die sendelinge se sg. meerderwaardigheidshouding. Hier uit ons Suid-Afrikaanse geskiedenis kan mens dan byvoorbeeld wys op die afbraakwerk wat in naam van die sending gedoen is deur figure soos Vanderkemp en Phillips en 'n man soos Livingstone wat nie so besig was met sendingwerk dat hy nie ook nog 'n uitgebreide wapensmokkelary daarop kon nahou sodat sy „bekeerlinge" met stewige wapens moord en diefstal aan die wesgrens van die ou Z.A. Republiek kon pleeg nie!

In die hoofstukkie: De eenheid der mensheid in Christus gegeven. kry ons 'n mooi voorbeeld van hoe 'n hoofstukopskrif nié deur die inhoud van die hoofstuk uiteengesit word nie. Die konklusie waartoe geraak word, is dat die eenheid van alle mense daarin gevind moet word dat almal mens is. Die woord van Christus in Mt. 12:50 word daarby gehaal om enigsins vaart aan die argument te gee maar daar word sorgvuldig nagelaat om daarop te wys dat die Dordtse Leerreëls van die Kerk hierdie visie nie sondermeer onderskryf nie. Juis uit hierdie paragraaf en die redenering daarin word dit vir mens, hier in Suid-Afrika, enigsins duidelik hoe die Wêreldraad van Kerke dit kon regkry om in Nu-Delhi 'n krans op die graf van die heiden bestryder van die christendom, Ghandi, te gaan lê. Vandaar ook die poging om verdere skuldgevoelenes teenoor, die nie-blanke by die Hollandse gemeentes op te wek deur 'n fiktiewe legende oor Ghandi daar by te sleep blz. 20. Waarom nie maar terselfdertyd vertel van die „medemenslikheid" wat in die jongste tyd teenoor Jomo Kenyatta bedryf word deur die Weste nie? Hierdie man, opgevoed in 'n sendingskool, opgelei in Moskou, leier van die vroeëre Mau-Mau en hoofhandelaar van die Mau-Mau-seremonies wat in smerigheid en duiwelsheid hulle weerga nie het nie, word tans op die hande gedra as „verligte en gematigde leier" en dit waarskynlik alleen omdat hy 'n swart diktator is. Dit tog, baie duideliker as die verhaaltjie oor Ghandi, vertel wat die Synode wil. Dat Kenyatta geen christen is nie en dit ook nooit meer kan word nie hoef vir hierdie Synode geen beswaar te wees nie. Vanweë hierdie oorweging is die program van aksie soos uiteengesit op blz. 21 die moeite werd om van kennis te neem. Sy aan sy — liefs met die Afro-Asiate en Moskou, dit wil sê die hoofsaaklik antichristelike magte van ons tyd — met die nie-blanke heidendom wil die Synode rassediskriminasie, soos hulle dit verstaan, gaan bestry. In die

situasie soos deur die Synode in die vooruitsig gestel en in hierdie geestelike klimaat is dit dan ook duidelik waarom die Wêreldraad van Kerke, die sogenaamd sigbaar-wordende Koninkryk van God op aarde, in hierdie dae bereid is om finansiële hulp te verleen aan heidense en kommunistiese samesweerders wat 'n rewolusie teen die Owerheid van Suid-Afrika beplan het.

Hierdie **Herderlijk Schrijven** is werklik nié 'n verantwoordeike poging van die Synode om voorligting te gee oor die moeilike rassevraagstuk nie. Dit is doodeenvoudig 'n propagandageskriffie wat ten doel het om die gemeente van Jesus Christus met bepaalde linkse gedagtes te indoktrineer. Daar is tog 'n paar lesse wat die Hollanders by Joseph Goebbels geleer het en een daarvan, wat hier met groot handigheid gebruik word, is dat hoe groter en blatanter die leuen hoe makliker sal dit deur die goedgelowige publiek aanvaar word. Vandaar ook dat mens byna lamgeslaan is deur die aaneenryging van die halfbekookte stellings en gedagtes wat hier in naam van Jesus Christus opgedis word. Die oorsaak lê daarin dat die Synode hoegenaamd geen begrip het van die hele problematiek wat geskep word deur die aanraking van verskillende rasse met mekaar nie en dat die Synode ook geen werklik-ernstige studie van die problematiek gemaak het of wou maak nie.

Juis deur die lees van hierdie **Herderlijk Schrijven** sal dit verder vir ons in Suid-Afrika duidelik word waarom die Nederlandse Hervormde Kerk **in Nederland** so onmagtig is om iets te doen of te bereik ten opsigte van die post-christelike heidendom in hulle midde nie. Dit gebeur omdat die Nederlandse Hervormde Kerk ten alle koste wil **praat** ongeag of hulle vantevore na die Woord van God en ter sake kundige mense geluister het of nie.

Ek hoop hierdie **Herderlijk Schrijven** sal in Suid-Afrika gelees word. Dit is nodig dat ons dit lees sodat ons kan sien hoe die woord van Lenin waar geword het dat die Kerk die maklikste is vir die kommunisme om te infiltreer om dan vandaar in die naam van Christus, die kommunistiese lewenshouding en propaganda te versprei.

A. D. Pont.

W. F. Dankbaar, **Onbekrompen en Ondubbelzinnig,** Boekencentrum N.V., Den Haag 1962. 35 Blz. Prys ongeveer 30c.

Met die herdenking van die 100-jarige bestaan van die Nederlandse Hervormde Predikantevereniging in 1962 het prof. Dankbaar van Groningen die rede uitgespreek. Dit lê nou in brosjurevorm voor ons. Dit is 'n interessante stukkie klein geskiedenis waarvan die interessantheid verhoog word deur die Bylae wat aangee welke sprekers opgetree en welke onderwerpe behandel is gedurende die jare 1866 - 1961.

Die geskiedenis van die Predikantevergadering gee ook 'n kykie in die rigtingstryd in die Nederlandse Kerk en daar kan hieruit ook weer 'n idee gevorm word hoe verlammend dit op die Kerk en sy getuienis in die wêreld gewerk het. Verdraagsaamheid vanweë swakheid, onwilligheid om werklik 'n standpunt in te neem het altyd alléén maar afbrekende gevolge. Hierdie boekie is op hierdie punt 'n mooi illustrasie van die sinloosheid van die kompromie ten opsigte van die Waarheid. Dan verkies ek persoonlik die Generale Synode van vandag wat, **solank dit maar populêr is,** bereid is om 'n standpunt in te neem. Vir die res kry ons dieselfde futlose houding. Dus wél pro rasse-integrasie maar in die geval-Smits liewer géén optrede nie.

Die brosjure is besonder leesbaar geskrywe en interessant. Diegene van ons wat hulle belangstelling in die Nederlands Kerk nog behou het, sal hierdie uiteensetting graag lees.

A. D. Pont.